# Koronavirus: Hoe om veilig te werk

## Die winkel se ingang, skoonmaak en trolliewerkers of karwagte

### Personeel by winkel se ingang

**1 personeellid om toegang te beheer:**

- Beperk die aantal klante volgens die winkel se grootte: 1 persoon per 6 m².
- Spuit elke klant se hande met alkoholgebaseerde handontsmetmiddel voordat sy of hy by die winkel inkom.



1 personeellid om die ry te beheer en fisieke afstand (1,5 m) te verseker volgens die merkers op die vloer.





Laat klante toe om hul eie trolliehandvatsels te ontsmet – sorg dat daar weggooibare afveelappies, verdunde bleikmiddeloplossing of ontsmetmiddel vir hierdie doel beskikbaar is.



### Personeel in winkel




Maak voorwerpe en oppervlakke in die winkel wat gereeld aangeraak word (soos yskas of vrieskas se deurhandvatsels, skale in weegareas) so dikwels as moontlik skoon.




Gebruik 'n verdunde bleikmiddeloplossing om mee te ontsmet (6 teelepels bleikmiddel in 1 liter water).



Gebruik weggooibare handskoene om hande teen bleikmiddeloplossing te beskerm.

### Trolliewerkers en karwagte



Maak trollie se handvatsels skoon:

- Nadat jy dit na die trollie-area geneem het. Maak hande dan skoon.
- Maak hande skoon nadat jy 'n fooitjie ontvang het en na elke klant.



- Dra 'n skoon lapmasker en sorg dat jou neus en mond heeltyd bedek is.
- Probeer om nie aan jou gesig te raak nie. As jy dit wel doen, maak jou hande dadelik skoon.
- Moet nooit 'n masker met iemand anders deel nie.

**Provinsiale Hulplyn:** 080 928 4102 | **WhatsApp:** "Hi" vir 0600 123 456 | **E-pos:** doh.dismed@westerncape.gov.za

Wes-Kaapse Regering

BLY VEILIG GAAN VOORT